BESIGHEIDSVERSEKERING PRODUKTE

virseker

Jou versekering, jou mense, jou taal.

'n Produk van auto & general

BESIGHEIDSVERSEKERING PRODUKTE

Besigheidsversekering Produkte kombineer tradisionele besigheidspolisafdelings om te verseker dat u besigheid omvattend verseker is, met die opsie om addisionele dekking in te sluit. Klousules en aspekte wat nie op u besigheidstipe van toepassing is nie, en dus net u premies onnodig verhoog, is uitgesluit.

Die verskillende besigheidsprodukte beskikbaar is: **Besigheid**, **Gaste**, **Professioneel**, **Praktyk** en **Kantoor**. Al hierdie produkte is sorgsaam ontwerp om aan die unieke behoeftes van u spesifieke besigheid te voldoen. Die besigheidstipes wat deur hierdie produkte gedek is sluit die volgende in:

- **Besigheid** – bloemiste, salonne, boekwinkels, skryfbehoeftewinkels, kleinhandelaars, ens.
- **Gaste** – gastehuise, bed en ontbyt, ens.
- **Professioneel** – rekenmeesters / boekhouers, prokureurs / regsfirmas, finansieël, konsultantpraktyke, ens.
- **Praktyk** – mediese-, tandheelkundige-, veeartsenypraktyke, ens.
- **Kantoor** – reis, eiendomsagentskappe, algemene kantore, ens.

Sekere van die dekking in die afdelings wat hieronder genoem word is standaard insluitings in u polis en die ander is opsioneel, afhangende van die aard van u besigheid.

BRAND

U besigheidseiendom is gedek teen verlies of skade as gevolg van gevare wat wissel van brand, weerlig, aardbewings, storms, sneeu en brandblusserkoste by u besigheidsperseel.

SAKE ONDERBREKING

Dekking indien u omset/verkope/inkomste as gevolg van enige skade wat tot die onderbreking van u besigheid lei verloor, en dit was veroorsaak deur enige gevare wat onder die Brand, Kantoorinhoud, of Geboue Omvattende afdelings gedek word. Ons sal u terugplaas in dieselfde posisie voor die skade plaasgevind het, sodat u besigheid kan voortgaan om handel te dryf.

KANTOORINHOUD

Spesifieke dekking vir die kantoormeubels wat u in u besigheidsperseel hou.

DIEFSTAL

U besigheidsgoedere is gedek teen rooftogte en inbrake.

GELD

U is gedek in die geval van verlies van of skade aan u kontant, tjeks en kluis/e.

GLAS

Hierdie is spesifieke dekking vir die vaste glas by u besigheidsperseel.

ELEKTRONIESE TOERUSTING

U word gedek vir die verlies van, of skade aan u rekenaars en gelisensieerde sagteware, gebruik vir besigheidsdoeleindes.

DRAAGBARE BESIGHEIDSBESITTINGS

U is gedek vir besigheidsartikels wat gereeld weg van u versekerde perseel geneem word.

OPENBARE AANSPREEKLIKHEID

U is gedek as u wettiglik verantwoordelik gehou word vir beserings of dood van ‘n derdeparty, of skade aan sy/haar eiendom.

GOEDERE IN TRANSITO

U besigheidsgoedere is gedek terwyl hul vervoer word.

VOERTUIG

U voertuig/e is gedek teen ongelukke, diefstal en baie ander voorvalle, afhangende van die tipe dekking wat u gekies het.

VOERTUIGHANDELAARS (INSTALLEERDERS)

Voertuig Intern en Ekstern gekombineer – u is gedek teen brande, ongelukke op en weg van die besigheidsperseel en diefstal van kliënte se voertuie weg van die besigheidsperseel. Bykomende dekking sluit die volgende in: voertuighysers, die verlies van gebruik van die kliënt se voertuig en klankstelsels.

REKENINGE ONTVANGBAAR

U sal vergoed word indien u nie die bedrae wat aan u verskuldig is kan opspoor nie omdat u finansiële rekords verlore geraak het of gedurende 'n insident vernietig is, wat onder die Brand afdeling van u polis gedek is.

GETROUHEIDSWAARBORG

U word beskerm teen verliese as gevolg van bedrog of diefstal wat deur werknemers gepleeg is.

GROEP PERSOONLIKE ONGELUK

U mag onder hierdie afdeling eis indien 'n versekerde prinsipaal, besigheidsvennoot, direkteur of werknemer, permanent ongeskik verklaar word, nie-mediese onkostes aangaan of sterf as gevolg van 'n ongeluk.

WERKGEWERSAANSPREEKLIKHEID

Beskerm u indien u wettiglik verantwoordelik gehou word vir beserings, dood of siekte wat deur 'n werknemer gely is.

TOEVALLIGE SKADE

'n Unieke uitbreiding om u besigheidsgoedere te dek teen ongeluksverlies en –skade. Hierdie voorvalle is nie onder enige ander polisafdeling versekerbaar nie.

Vir nommer pas besigheidsversekering wat u uitsonderlike waarde vir geld bied, kontak Virseker op

0861 47 73 22

Virseker is 'n produk van Auto & General Versekeringsmaatskappy Bpk, 'n gemagtigde versekeraar en finansiële-diensverskaffer (FDV-lisensienommer: 16354).

Enige verwysing na "ons", "deur" of "met" op hierdie dokument verwys na Auto & General. Bepalings en voorwaardes geld.

06/06/19